

Vrydag 5 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 28
(1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 28:1, 6

'n Gebed in nood, en die HERE antwoord

Wat maak jy as ang en nood oorneem, as alles teen jou is en dit voel jy is van God verlate? In so 'n uiterste nood het Dawid met die volk na die Sionsberg, die heiligdom, gegaan. Daar het hulle voor die HERE hulle hart vol ang en nood uitgestort (28:1-4). Hulle roep die HERE aan en smee Hom om verlossing.

Daar is afwagting. Die HERE moet sy stilswye verbreek, want sonder sy antwoord word hulle soos diegene wat in die kuil neerdaal. Sy ang, saam met God se swye, laat hom voel of hy soos 'n dooie is in 'n kuil, die hel, sonder God.

Dit is die pad vir die gelowige in ang en nood. Gaan en bid tot die HERE. Nie wegvlug van God in verwyte nie, maar toevlug in vertrou!

Dawid en die volk het dit beleef. Sy loflied klink op: "Geloof sy die HERE, want Hy het die stem van my smeking gehoor." God die HERE kom die eer toe. So word sy loflied 'n opregte belydenis dat die HERE ons sterkte en ons skild is, die Een wat ons beskerm en bewaar.

Jakobus sê as jy iets kortkom, moet jy bid, maar jy moet in die geloof bid sonder om te twyfel. Dit sien ons by Dawid. Hy bid en vertrou met sy hart, sy hele wese op die HERE. So weet hy die HERE is 'n vesting van verlossing vir sy gesalfde. Dawid is sy gesalfde, maar so ook voorloper van die Ewige Koning, Jesus Christus. Hy staan in die hemel voor God die Vader in sy heiligdom en pleit vir ons. Hy pleit op grond van sy soenverdienste vir ons. Ons ang en nood gaan deur Hom oor in die kalmte van sekerheid dat die HERE ons noodkreet altyd hoor.

Sing: Psalm 138-1:1, 4

Ds. MJ Smidt (Tinus) (Emeritus)